**Pasiëntinligtingsblad**

**SKEDULERINGSTATUS**: S0

# BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg

**Askorbiensuur**

Suikervry

**Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te gebruik.**

BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg is sonder ’n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om ’n matige siekte te behandel. U moet BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Moenie BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg vir enige ander persoon gee nie.
- Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.
- U moet ’n dokter konsulteer as u simptome vererger of nie verbeter nie.

**Wat in hierdie blad is**

1. Wat BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg drink
3. Hoe om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

## 1. Wat BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg is en waarvoor dit gebruik word

BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg behoort aan 'n groep medisyne wat vitamiene genoem word. Askorbiensuur staan ook bekend as Vitamien C.

BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg word gebruik vir die behandeling van Vitamien C-tekort. Dit word ook gebruik om skeurbuik ('n ernstige toestand as gevolg van 'n langtermyn-tekort aan vitamien C in die dieet) te behandel.

## 2. Wat u moet weet voordat u BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg drink

**Moenie BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te drink nie:**

- as u hipersensitief (allergies) vir askorbiensuur of vir enige van die ander bestanddele van BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg (gelys in afdeling 6) is;
- as u aan hiperoksalurie ly (uitskeiding van urien wat groot hoeveelhede kalsiumoksalaatkristalle bevat).

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Wees veral versigtig met BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg:**

- as u enige bloed- of urientoetse moet ondergaan aangesien askorbiensuur met sommige bloed- en urientoetse kan inmeng.
- as u ’n gereelde roker is.
- as u nierversaking het, aangesien askorbiensuur die absorpsie van aluminium verhoog (teenwoordig in teensuurmiddels) wat toksiese vlakke kan bereik.

**Ander medisyne en BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg**

Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder alle aanvullende of tradisionele medisyne).

Sê veral vir u dokter as u enige van die volgende middels gebruik:

- Amfetamiene (gebruik vir die behandeling van aandaggebrek-hiperaktiwiteit-versteuring)
- Orale voorbehoedmiddels wat estrogeen bevat (bv. “die pil”)
- Asetielsalisielsuur (anti-inflammatoriese middel) soos aspirien
- Ysterbevattende medisyne
- Teensuurmiddels
- Amigdalien (Vitamien B17) - kan sianiedtoksisiteit veroorsaak

Askorbiensuurtablette moet nie in die eerste maand na die aanvang van behandeling met desferrioksamien gedrink word nie.

**BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg saam met voedsel en drank**

Lees afdeling 3 oor die gebruik van BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg saam met voedsel.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om ’n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat hierdie medisyne gebruik word.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**

Askorbiensuur het geen bekende effek op die vermoë om ’n voertuig te bestuur of masjiene te hanteer nie.

## 3. Hoe om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te drink

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Drink BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg altyd presies soos wat u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone dosis is die volgende:

Behandeling vir tekorte: oraal, 500 mg twee keer per dag na etes,

maksimum daaglikse dosis is 1000 mg.

Praat met u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te sterk of te swak is.

**As u meer BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg gedrink het as wat u moes**

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**As u vergeet om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te drink**

’n Moenie ’n dubbele dosis drink om vir ’n vergete individuele dosis op te maak nie.

**Effekte wanneer behandeling met BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg gestaak word**

Gebruik **BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg** vir so lank as wat u dokter dit aanbeveel. Moenie ophou tensy u dokter vir u sê om dit te doen nie.

**4. Moontlike newe-effekte**

**BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg kan newe-effekte veroorsaak.**

Nie al die newe-effekte wat vir BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te drink en dadelik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- ‘n Allergiese reaksie met jeuk, veluitslag, swelling van die gesig, lippe, tong en/of keel wat probleme met asemhaling of sluk veroorsaak

Dit is baie ernstige newe-effekte. As u dit het, kan dit wees dat u ’n ernstige reaksie op BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg gehad het. U mag dringend mediese aandag of hospitalisasie nodig hê.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

*Frekwensie onbekend:*

- diarree, maagkrampe, naarheid (voel mislik), braking (bring op)
- gloede of rooiheid van die vel
- hemolitiese anemie (waar die liggaam se immuunstelsel sy eie rooibloedselle aanval), tekens kan moegheid en bleekheid insluit
- diuretiese effek (meer urienvloei) as gevolg van groter inname van askorbiensuur oor 'n lang tydperk. Dit kan lei tot 'n tekort as die hoeveelheid askorbiensuur wat gedrink

word verminder of vinnig gestaak word. Hoë dosisse van meer as 600 mg daagliks kan 'n diuretiese effek in sommige pasiënte hê.

- hoofpyn

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROG ("SAHPRA") aanmeld *via* die vorm "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te gee.

**5. Hoe om BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg te bêre**

- Bêre in 'n koel plek by of onder 25 °C.
- Bêre buite direkte sonlig.
- Hou in die houer tot nodig vir gebruik.
- Hou alle medisyne buite bereik van kinders.
- Moenie na die vervaldatum op die karton gebruik nie.
- Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

**6. Inhoud van die pak en ander inligting**

**Wat BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg bevat**

Die aktiewe bestanddeel is 500 mg askorbiensuur per tablet.

Die ander bestanddele is kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, mikrokristallyne stysel en gesuiwerde talk.

**Hoe BE-TABS ASCORBIC ACID 500 mg lyk en die inhoud van die pakkie**

Wit tot afwit ronde tablet met 'n breeklyn op die een kant.

500 mg tablet: 12,8 mm in deursnee.

**Inhoud van die pak:**

500 mg tablet: 28, 100, 500, 1000 en 5000. Pakke van verskillende pakgroottes reg vir die pasiënt.

**Houer van registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stormill, Uitbr. 1

Roodepoort, 1724

Suid-Afrika

**Hierdie blad is laas hersien in**

16 September 2022

**REGISTRASIENOMMER**

T1211 (Wet 101/1965). (SA: 500 mg).

Botswana Lysno.: B9314940 (Botswana 500 mg)

NS0 14/22.1.4/0553 (Namibië)